Global Week of 24-7 Prayer
1 — 7 SEPTEMBER 2025

24-7 PRAYER SOUTH AFRICA

# Gebedspunte: Die Wêreldwye Week van 24-7 Gebed

## 7 Temas gedek deur 24-7 Gebed

**INGESLUIT:**

- **’n Roep tot Gebed vir die Nasies**
- **’n Roep tot Volharding**
- **Die Krag van Gebed**
- **Gebed vir Nuwe Lewe**
- **God se Teenwoordigheid Gaan saam met Ons**
- **Geregtigheid en Gebed**
- **Bemagtig vir Sending**

- Sluit aan by die nasies in gebed vir Die Wêreldwye Week van 24-7 Gebed van 1 – 7 September 2025. Hierdie gebedspunte sal deur gemeenskappe regoor die wêreld gebruik word, en ’n kragtige eenheid skep terwyl die wêreldwye kerk saam in gebed staan.
- Gebruik hierdie punte om te besin oor die krag van gebed, om saad van nuwe lewe in jou gemeenskap te plant, en om verandering in jou land en nasie te inspireer.

# ’n Roep tot Gebed vir die Nasies

## Skrifgedeelte

en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.
**2 Kronieke 7:14**

**Gebedsaanwysers:**

- Vir hierdie gebedspunt bid ons dat God ons wêreld en ons nasie sal genees.
- Kies jou eie land, of ’n land wat God op jou hart geplaas het, en bid vir God se vergifnis en genesing.
- Lees deur die skrifgedeelte wat beskryf wat die Heilige Gees vir Jesus gesalf het om te doen, en staan stil by frases wat vir jou uitstaan.
- Bid dat die land wat jy gekies het die goeie nuus, die vryheid, die herstel, die genesing en die guns sal ervaar wat in die gedeelte beskryf word. Bid dat God die wêreld met sy heerlikheid sal bedek en sy Naam hoog sal verhef!

# ’n Roep tot Volharding

**Skrifgedeelte**

> “Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word,
>
> **Matteus 7:7 AFR83**

**Gebedsaanwysers:**

- Vandag dink ons daaraan om aanhoudend vir iets te bid — keer op keer — totdat God beweeg en verandering plaasvind.
- Kies iets uit die lys van dinge waarvoor jou gemeenskap tans bid, of kies iets in jou eie lewe waarvoor jy al lank vra dat God dit moet verander.
- Bid herhaaldelik vir dieselfde saak terwyl jy ’n woord van jou gebed verskeie kere in jou joernaal neerskryf.
- Wanneer jy klaar is, maak jou boek toe as ’n simbool dat God jou gebed gehoor het en dat verandering plaasvind.
- Herhaal dit soveel keer as wat jy wil.

# Die Krag van Gebed

### Skrifgedeelte

Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.
**Jakobus 5:16 AFR83**

**Gebedsaanwysers:**

- Nou is die tyd om gewaagde, dapper en groot gebede te bid. Want die krag van gebed lê nie in ons nie, maar in God – wat gebede hoor en beantwoord volgens sy wil, met sy genade en op sy tyd.
- Spandeer tyd om God te dank vir gebede wat Hy in die verlede beantwoord het – vir jou, jou gemeenskap en jou nasie.
- Kniel in nederigheid voor die kruis, en bely die dinge wat jy verkeerd gedoen het, of die goeie dinge wat jy nagelaat het. Erken dat jy God se hulp nodig het. As jy daartoe gelei voel, praat met God oor groter kwessies: dinge wat jou gemeenskap of nasie verkeerd gedoen het, dinge wat jy nie sonder God se hulp kan verander nie.
- Waag dit om die groot gebede te bid aan die voet van die kruis – dié wat jy nog nooit gebid het nie, of waarvoor jy opgehou bid het omdat jy gedink het dit sal nie beantwoord word nie. Bid dat God op ’n heel nuwe manier bekend sal wees in jou lewe en in die lewe van jou nasie: dat sy heerlikheid in jou gemeenskap sigbaar sal wees en oor die wêreld sal skyn!

# Gebed vir Nuwe Lewe

## Skrifgedeelte

> Hy sê toe vir my: “Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here, droë bene! So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe: Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.”
> **Esegiël 37:4–6 AFR83**

**Gebedsaanwysers:**

- In Esegiël se visioen bring die Gees van God nuwe lewe en nuwe hoop in ’n plek sonder lewe. Wie is die mense in jou lewe, jou gemeenskap en jou kerk wat nuwe hoop en nuwe lewe nodig het?
- Bid dat God die harte van mense sal voorberei om te luister.
- Vra dat God in die lewens van die mense oor wie jy dink, sal spreek. Noem hul name hardop terwyl jy dit in jou joernaal neerskryf.
- In hierdie gedeelte word die Heilige Gees as ’n wind beskryf. Elders in die Bybel word Hy ook as water voorgestel.
- Stel jou voor hoe water oor hierdie name en mense uitstort, en vra dat die Heilige Gees in hul lewens sal instroom en sy lewe sal bring.
- Onthou om aanhoudend te bid vir nuwe lewe en ‘n nuwe begin.

# God se Teenwoordigheid Gaan saam met Ons

## Skrifgedeelte

Toe het Moses vir Hom gesê: "As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie. Hoe sal die mense weet dat ek en u volk u goedgesindheid geniet as U nie saam met ons gaan nie? Dit is juis deurdat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde." Die Here het vir Moses geantwoord: "Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam."
**Eksodus 33:15–17 AFR83**

**Gebedsaanwysers:**

- Hierdie gebedsaktiwiteit gebruik ons sintuie om ons bewuswording van God se teenwoordigheid te versterk.
- TAS: Sit stil en voel hoe jou asem stadig op gaan en af kom. Dank God dat Hy so naby aan ons is soos ons asem.
- Smaak: Dank God vir sy vrygewigheid teenoor jou terwyl jy die brood eet en die sap drink.
- Reuk: Dink aan die dinge wat jy kan ruik — die brood, voorwerpe in die kamer. Oefen om op God se teenwoordigheid te fokus terwyl jy meer bewus raak van jou sintuie.
- Sig: Prys God vir sy skepping. Kyk uit die venster, of na die foto's voor jou, en dank Hom vir sy kreatiewe en inspirerende teenwoordigheid.
- Ekstra aksie: Oefen om in God se teenwoordigheid te wees deur 'n daaglikse herinnering op jou foon te stel om te stop en tyd met Hom deur te bring.

# Geregtigheid en Gebed

## Skrifgedeelte

Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is:Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied,dat jy liefde en trou sal bewys,dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.
**Miga 6:8 AFR83**

**Gebedsaanwysers:**

- Neem twee of meer stukke papier en skryf die naam neer van ’n persoon, situasie, of plek wat God se geregtigheid en genade nodig het.
- Voeg ’n streep gom aan die kort kant van die papier. Buig die ander kort kant om om ’n sirkel te vorm en plak dit vas om ’n lus te maak.
- Skryf meer gebede op nuwe stukke papier. Haak elke stuk papier deur die vorige sirkel en plak dit vas om ’n gebedsketting te vorm.
- Op die laaste dag van die gebedsweek, breek die ketting as ’n simbool dat God ons gebede verhoor en die kettings van ongeregtigheid breek wat mense keer om in sy vryheid te leef.

# Bemagtig vir Sending

## Skrifgedeelte

> Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."
> **Handelinge 1:8 AFR83**

**Gebedsaanwysers:**

- Spandeer tyd om die Heilige Gees te vra om jou opnuut te vul en jou gebede te lei. Bid vir moed om hierdie gebedskamer te verlaat met 'n bereidheid om jou geloof met ander te deel.
- Bid vir iemand wat jy ken wat in sendingwerk betrokke is — vir hul bediening, voorsiening, en gesin.
- Voordat jy aanbeweeg, vra God om jou vandag uit te stuur as 'n getuie vir Jesus.